# Hey! Brokkies Nuus Julie 2013

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

**In Julie is dit groen seisoen in die Kaap! Groen is simbolies van groei, en so groei Hey! ook..**



Pragtige plaaskinders!

1) Nuwe bedieninge begin in Julie: Na al die gebede kan ons net getuig dat die Here weereens so getrou was! Hy het die deur oopgemaak en die perfekte aanbieders gestuur om al die **graad 5 klasse by Beaumont** te bedien. Die sowat **150 kinders** doen **Explorers Club** wat perfek is na die Hoop vir Kinders wat hulle verlede jaar gedoen het. By **Lindilani** het Vanessa die kwartaal begin met Bybelklasse op Vrydae en die **53 verhoorafwagtende seuns tussen 10 en 15 jaar** geniet die lesse. Die terugvoering is baie positief en die ondersteuning wat sy daar kry baie goed. **Danksy 'n donasie vir Bybels kan die kinders by Lindilani daaruit lees elke week en ons glo dat die Woord lewendig gaan word vir hierdie seuns. Baie dankie!!**



Beaumont se gr5 en 6 aanbieders ♥

2) Hey! bediening rus ons toe en ons kan weer gee na kinders in die gemeenskap. So 'n voorbeeld was die **Nomzamo uitreik** met Shofar. Dit was 'n belewenis! Daar is heerlik **gesing** en ons het net weer besef dat musiek universeel is! 'n **Tolk** het gehelp om die **boodskap in Xhosa** oor te dra. Usula en Karen wie by skole help as aanbieders kon 'n waardevolle bydrae lewer en liefde gee. Baie kinders het 'n keuse gemaak vir Jesus die dag. Ons wil beslis weer teruggaan!



Nomzamo uitreik -"township" pret

**Dankie vir jou gebede, liefde en omgee! Celeste Steinmann 082 322 5299**



Lochies se aanbieders groei graag(en kuier ☺)

3) Beplan en geestelik groei (en baie koffie)

Die laaste paar weke is gekenmerk deur **opleiding, werksessies** waar **kwartaal beplanning gedoen is en hulpmiddels voorberei** om die kwartaal so glad as moontlik te laat verloop. Twee hoogtepunte was die **Explorers Club opleiding** deur Carel Strydom aan die **Beaumont** aanbieders wie die gr5 leerders bedien en die **Bybelstudie sessie** deur Marius Wolfaardt aan die Lochnerhof groepleiers. Marius het ons bemoedig uit Rigters 6 waar Gideon se verhaal vertel word: **Rigters 6:34 "Die Gees van die Here het oor Gideon gekom"** en ons is uitgedaag met die waarhede dat **jy gered word (nie net om die Ewige Lewe te kry nie) maar om vir die Here te werk** en **dat die Here IN my werk sodat Hy DEUR my kan werk.** Almal het na die sessie besef hoe belangrik stiltetyd is as jy in die bediening staan en is gemotiveer om met nuwe ywer dit die hoogste prioriteit te maak! Ons gebed vir al die mense betrokke by Hey! is **Joh 3:30 "Hy moet meer word, maar ek minder."**

De Hoop "Hoop vir Kinders" sonde ketting handwerk!

